

Tot hiertoe & nie verder nie

'n Albertonse sakevrou het onlangs 'n groot regsoorwinning teen die verkeersowerheid behaal, en alles het by vyf onregmatige verkeersboetes begin

Deur ILSE SALZWEDEL

SÓ MOET BOETES INGEVORDER WORD

ARTIKEL 18 VAN DIE DIE WET OP DIE ADMINISTRATIEWE BEREGTING VAN PADVERKEERSOORTREDINGS (AARTO-WET) BEPAAL DIE VOLGENDE:

- KENNISGEWINGS VAN OORTREDINGS MOET PER GEREISTREERDE POS AAN JOU GESTUUR WORD. AS DIT BINNE 32 DAE BETAAL WORD, KRY JY 50% AFSLAG.
- JY KAN OOK SKRIFTELIKE VERTOË RIG DAT DIE BOETE VERLAAG WORD, OF OM IN DIE HOF TE VERSKYN.
- KIES JY NIE EEN VAN BG. OPSIES NIE, MOET 'N AANMANINGSBRIEF OP JOU BEDIEN WORD.
- BETAAL JY STEEDS NIE, MOET 'N AFDWINGINGSBEVEL UITGEREIK WORD WAT JOU FORMEEL BEVEEL OM DIE BOETE EN DIE KOSTE VAN DIE BRIEF TE BETAAL. GEEN RYBEWYS, PROFESSIONELE RYBEWYS OF VOERTUIG-LISENSIESKYFIE KAN UITGEREIK WORD TOTDAT DIÉ BEVEL NAGEKOM IS NIE.

**'EK VEG
NIE TEEN DIE
REGERING NIE,
MAAR TEEN DIE
WANBESTUUR
VAN DIE AARTO-
STELSEL'**



Cornelia van Niekerk, eienaar van Fines4U in Alberton, 'n maatskappy wat verkeersboetes namens kliënte opspoor en administreer, het vyf jaar gelede besef die owerheid volg nie die prosedures wat deur die wet bepaal word nie. Drie hofsake en vyf jaar later het die Gautengse hooggeregshof in Pretoria die verkeersowerheid beveel om alle stappe in die boeteproses in die Wet op die Administratiewe Beregting van Padverkeersoortredings (Aarto-wet) noukeurig te volg.

Hoekom het jy hierdie stryd aangepak? Ek glo aan reg en geregtigheid. Hoe kan jy 'n wet skryf en implementeer sonder dat jy dit self nakom? Daarom is daar wetteloosheid in ons land. Ek glo jy moet wette gehoorsaam, maar dit geld albei partye. Ons maatskappy beveg nie alle boetes nie – ons betaal maandeliks duisende rande se boetes namens ons kliënte. Maar dan moet dit volgens die regte prosedure uitgereik wees. Ek veg nie teen die regering nie – ek veg teen die wanbestuur van die Aarto-stelsel.

Alles het in 2012 by vyf boetes begin ... Ja. Ons het agtergekom die Johannesburgse Metropolisediens (JMPD) stuur boetes per gewone pos en nie per geregistreerde pos of persoonlik op jou beteken, soos die wet vereis nie. Ons het eers met hulle gaan gesels, maar JMPD wou nie erken hulle is verkeerd nie en wou ook nie die vyf boetes ter sprake terugtrek nie. Ek moes net iets doen. In Januarie 2014 het die hof beslis JMPD móét by die Aarto-prosedures hou.

En die tweede saak? In September 2013 het ek namens Audi, een van my kliënte, navrae gerig aan die Agentskap vir Padverkeersmisdrywe (RTIA), wat Aarto administreer. Dit was oor 639 oortredingskennisgewings en boetes ten bedrae van sowat R322 000 wat tussen 2008 en September 2013 aan hulle uitgereik is. **In Februarie vanjaar het die hof weer in julle guns beslis oor bogenoemde ...** Ons het vertoë gerig oor 424 boetes wat presies dieselfde bevoord was - 155 daarvan was suksesvol en 208 onsuksesvol. Dié wat onsuksesvol was, het op 'n ekstra boete van R200 elk uitgeloopt. Ons het die hof gevra om die owerheid se verwerping van die vertoë en die bykomende boetes tersyde te stel. Regter Bill Prinsloo het bevind alle stappe ingevolge Aarto móét gevolg word en die boetes tersyde gestel.

Beteken dit alle Gautengse boetes gaan afgeskryf word? Nee. Die uitspraak geld net die boetes teen Audi. Maar ek dink ons moet 'n formele vertoë rig oor alle verkeersboetes waarmee die owerheid nie die Aarto-proses gevolg het nie. **rr**

WIE IS CORNELIA VAN NIEKERK?

Hierdie ma van drie is al 25 jaar getroud. Sy het in Turffontein suid van Johannesburg grootgeword, en ná matriek aan die Hoërskool Die Fakkel onderwys aan die Goudstadse Onderwyskollege studeer. Daarna het sy tien jaar lank skoolgehou.

Toe begin sy haar eie onderneming. "Ek

het babadoeke ingevoer en verkoop."

Sy het Fines4U in 2006 begin nadat sy twee jaar lank by 'n soortgelyke onderneming gewerk het. "Ons was net twee. Sylvia Baker is steeds daar, en deesdae het ons 'n personeel van agtien. Ons administreer verkeersboetes vir sakeondernemings en indivi-

due, en kyk of daar uitstaande boetes teen jou naam is. Dan vra ons vir afslag en betaal die boetes. Ons help ook met dienste soos die lisensiëring van voertuie."

Wat het sy die afgelope paar jaar geleer? "Daar is hoop vir ons land – ons regstelsel werk nog. Ook dat jy moet opstaan vir dit waarin jy glo. En as

jy altyd jou beste diens lewer en betroubaar is, sal jou onderneming suksesvol wees." Sy glo ook daaraan om saam met ander te werk. "Saam is ons soveel beter." Sy glo dat 'n mens padreëls moet gehoorsaam. "Maar ken die wet en weet altyd wat die status van jou uitstaande boetes is."